IBO IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N07/1/A1AFR/SP2/AFR/TZ0/XX

88070004

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Wednesday 21 November 2007 (morning)
Mercredi 21 novembre 2007 (matin)
Miércoles 21 de noviembre de 2007 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.


© IBO 2007

*Skryf ‘n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord ‘n bespreking van ‘n Deel 2 werk van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke nie, sal nie ‘n hoë punt behaal nie.*

**Drama**

**1.** (a) Die tragedie word gekenmerk deur die feit dat een of meer van die karakters deur die gebeure waaroor hulle geen beheer het nie, vernietig word. Stem jy saam met die stelling? Bespreek die meriete van die stelling deur na gelese dramas te verwys.

*of*

(b) Die karakters in ’n goeie drama is in botsing vanweë die feit dat hulle diametraal verskil oor ’n kardinale kwessie. Lewer kommentaar op die geldigheid, al dan nie, van die stelling deur na die gelese werke te verwys.

**Poësie**

**2.** (a) “Die digter is soos ’n wynmaker: die druiwe van die lewe word versap, gegis en ontwikkel tot wyn van die poësie.” Maak die metafoor vir jou sin? Wat sê die metafoor omtrent die verhouding tussen die lewe en die poësie? Maak gebruik van gelese poësie om die beeld uit te pluis.

*of*

(b) In watter mate en op welke wyse dink jy help poësie die leser tot ’n groter begrip van hulself, en bring troos in lyding?

**Roman**

**3.** (a) Die titels van romans probeer dikwels die essensie van ’n breedopgesette verhaal vas te vang. Ondersoek die titels van die gelese romans en demonstreer hoe elke titel die leser se aandag fokus en sekere verwagtinge omtrent die gang en afloop van die verhaal skep.

*of*

(b) Die gang van die roman draai noodwendig rondom die wel en wee van die hoofkarakter. Deur na die gelese romans te verwys, demonstreer hoe ’n dominante karakter die gang van gebeure bepaal.

**Kortverhaal**

**4.** (a) Die kortverhaal word gekenmerk deur ’n kompakte, vervlegte struktuur. Vergelyk twee kortverhale deur verskillende skrywers en toon aan hoe die hegtheid van hul strukture bydra tot die sukses daarvan.

*of*

(b) “’n Goeie kortverhaal behou die leser se aandag deur die spanningslyn tot in die slotparagraaf vol te hou. Die ontknoping in die laaste paragraaf kom dikwels as ’n verrassing. Daarin lê die genot van die kortverhaal.” Is dit jou ervaring as leser van kortverhale? Reageer deur na spesifieke gelese verhale te verwys.

**Algemeen**

**5.** (a) “Groot klassieke werke in alle tale besit tydlose kwaliteite. Of die werk ’n duisend jaar oud is, of ‘slegs’ honderd jaar, is nouliks ter sake.” Wat maak historiese werke genietbaar en ter sake vir talle geslagte wat volg?

*of*

(b) Groot letterkunde bring die leser soms op skokkende wyse van aangesig tot aangesig met hom/haarself. Groot letterkunde hou ’n spieël op waarin die leser sy/haar eie psige herken. Watter universele menslike waardes het jy in goeie letterkunde teengekom?

*of*

(c) “Daar word gesê dat die grootste menslike dryfveer die talle manifestasies van die liefde is. Ander meen dat wraak ’n sterker, maar meer vernietigende motivering is.” Evalueer die stelling deur na die gelese werke te kyk.

*of*

(d) Sommige lesers lees dieselfde werk oor en oor. Wat in prosa en poësie bring mee dat ons daarheen terugkeer? Probeer beantwoord die vraag deur te verwys na werke wat jy uit jou eie meer as een keer gelees het.